Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 92/03

Datum verhoor: 2004-10-21
Datum gelewer: 2004-10-21

In die appél van:

**KAREL KAT** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: KGOMO RP *et* MAJIEDT R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het as beskuldigde 3 met twee medebeskuldigdes tereg gestaan in die streekhof en is op sy aangebode pleit van skuldig, soos nader toegelig deur 'n artikel 112(2) skriftelike pleitverduideliking, skuldig bevind aan 'n verskeidenheid van aanklagtes naamlik:

Aanklag 1: Oortreding van die bepalings vervat in artikel 48(a)(i) van Wet 8 van 1959 (ontsnapping);

Aanklag 3: Roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van Wet 51 van 1977;

Aanklag 4: Roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van Wet 51 van 1977;

Aanklag 5: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal;

Aanklag 6: Opsetlike saakbeskadiging;

Aanklag 7: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal;

Aanklag 8: Oortreding van die bepalings vervat in artikel 48(a)(i) van Wet 8 van 1959 (ontsnapping);

Aanklag 9: Veediefstal.

Op aanklag 2 het slegs die appellant se twee medebeskuldigdes tereggestaan.

2. Die appellant is as volg gevonnis op die voormelde aanklagte:

Aanklag 1: ses maande gevangenisstraf;

Aanklag 3: vyftien jaar gevangenisstraf;

Aanklag 4: vyftien jaar gevangenisstraf;

Aanklag 5: vyf jaar gevangenisstraf;

Aanklag 6: drie maande gevangenisstraf;

Aanklag 7: ses jaar gevangenisstraf;

Aanklag 8: een jaar gevangenisstraf;

Aanklag 9: drie jaar gevangenisstraf.

Die verhoorlanddros het gelas dat die vonnisse op aanklagte 3, 4 en 5 hierbo samelopend uitgedien moet word en ook dat die vonnisse op aanklagte 7 en 9 samelopend uitgedien moet word. Die appellant is dus effektiewelik 'n vonnis van 22 jaar en 9 maande gevangenisstraf opgelÍ ten aansien van al hierdie misdrywe.

3. Dit is nie duidelik of die appellant ook wil appelleer teen sy skuldigbevindings nie. In elk geval het sy regsverteenwoordiger 'n volledige pleitverduideliking op skrif gestel waarop die appellant sy regterduimafdruk aangebring het (die appellant is klaarblyklik ongeletterd) en sy regsverteenwoordiger het dit onderteken. Dié dokument is as bewysstuk C opgehandig tydens die verhoor en het die appellant ook die inhoud daarvan as korrek bevestig op navraag van die verhoorlanddros.

4.1 Wat die vonnis aanbetref is dit so dat die appellant 'n baie swaar vonnis opgelÍ is. Dit is egter duidelik dat die appellant en sy makkers, nadat hulle uit wettige aanhouding ontsnap het (aanklag 1), tot 'n ongekende misdaadorgie oorgegaan het en 'n vlaag van misdrywe gepleeg het in 'n kort tydsbestek.

4.2 Dit blyk uit die appellant se skriftelike pleitverduideliking dat, na ontsnapping, hy en sy medebeskuldigdes die misdryf in klagte 3 gepleeg het deurdat hulle op die *Woltemade* plaas in die distrik van Carnarvon die klaer, Mnr. Albertus Visser, gedreig het met 'n mes en vuurwapens, hom gerig met die vuurwapens en daarna vasgebind het waarna hulle sekere items ter waarde van R727.00 van die klaer geroof het.

4.3 Op klagte 4 het hulle op dieselfde datum by dieselfde plaas ene Mnr. Francois Jooste, die klaer, wat daar opgedaag het by die plaas, gedreig met vuurwapens, hom rondgestamp, geklap en ook sy hande vasgebind waarna hulle hom beroof het van 'n aantal items, die belangrikste waarvan sy *Isuzu 2.8 liter*-bakkie ter waarde van R55 000 is.

4.4 Op klagte 5 het die appellant en sy makkers op dieselfde

datum en by dieselfde plaas die plaashuis van Mnr. Albertus Visser oopgebreek, binnegegaan met die opset om te steel en toe daar 'n aantal items, meestal horlosies en juweliersware, gesteel van die klaer.

4.5 Op klagte 6 het die appellant skuldig daaraan gepleit dat hy en sy makkers 'n foksterriërhond van die klaer, Mnr. Albertus Visser, doodgeskiet het en hom aldus skuldig gemaak het aan opsetlike saakbeskadiging.

4.6 Op klagte 7 het die appellant skuldig daaraan gepleit dat hy en sy makkers op die daaropvolgende dag, na die pleging van die misdrywe in aanklagte 3-6 voormeld, die plaashuis van Mnr. Gerrit Vermeulen, die klaer, by die plaas *Kleinkareebos* in die distrik van Carnarvon oopgebreek het en binnegegaan het met die opset om te steel en daar toe 'n aantal items met 'n totale waarde van R465.00 van die klaer gesteel het.

4.7 Op klagte 8 het die appellant skuldig gepleit daaraan dat hy uit aanhouding ontsnap het by die SAPD-selle te Carnarvon.

4.8 Op aanklag 9 het die appellant skuldig gepleit aan veediefstal deurdat hy en sy medebeskuldigdes na die ontsnapping soos voormeld in klagte 8, by die plaas *Klerefontein* 'n dorperskaap van die klaer Thomas Buys gesteel het, welke skaap se waarde gestel is op R300.00.

5. Uit die voormelde is dit duidelik dat die appellant en sy

medebeskuldigdes, nadat hulle uit die polisieselle te Carnarvon ontsnap het by die eerste geleentheid, verskeie misdrywe in die kontrei gepleeg het waarby geweld en oneerlikheid betrokke was. Daarna is hulle klaarblyklik in hegtenis geneem, maar het ontstellend genoeg, kort daarna weer uit die Carnarvon polisieselle ontsnap waarna hulle die misdryf op klagte 9, te wete veediefstal, gepleeg het. Behalwe vir die feit dat dit verstommend is dat die owerhede dit kon toelaat dat die appellant en sy medebeskuldigdes, wat uiteraard gevaarlike persone is, ‘n tweede keer van die polisieselle ontsnap, is dit baie duidelik dat die appellant en sy medebeskuldigdes ‘n gevaar vir die samelewing is. Die appellant het verder nie minder nie as sewe vorige veroordelings wat tersaaklik is in die onderhawige geval, te wete ses van huisbraak met die opset om te steel en

diefstal en een van diefstal. In die laaste geval van huisbraak wat gepleeg is gedurende 2000 is die appellant gevangenisstraf van drie jaar opgelÍ. Wat aanklagte 3 en 4 betref het die streekslanddros geen wesenlike en dwingende omstandighede bevind nie en het hy die appellant tot vyftien jaar gevangenisstraf, d.w.s. die minimum voorgeskrewe vonnis ingevolge die bepalings vervat in Wet 105 van 1997, gevonnis.

6. Ons het geen hoofde van betoog van die appellant se advokaat ontvang nie. Aangesien die appellant ook buite tyd was met sy kennisgewing van appél, is daar voor ons ook 'n aansoek om kondonasie. Die appellant voer aan in sy eedsverklaring dat hy nie geld gehad het om 'n regsverteenwoordiger aan te stel nie. Volgens hom het hy toe die Regshulpraad genader en die Raad is steeds in afwagting van die prokureur wat vir die appellant verskyn

het tydens die verhoor, se verslag. Dit wil verder ook voorkom dat die appellant se appél teen vonnis grootliks gemik is op die vonnisse opgelÍ op aanklagte 3 en 4.

Namens die appellant is daar wat die aansoek om kondonasie aanbetref, slegs die volgende submissie gemaak aangaande die vonnisse op aanklagte 3 en 4 deur sy advokaat:

> "Wat aanklagtes 3 en 4 betref het die landdros nie genoegsaam inaggeneem dat die lewens van die klaers gespaar is nie en daar is 'n redelike kans dat die applikant op hierdie klagtes op appél kan slaag wat vermindering van vonnis betref."

Hierdie is 'n verbasende submissie. Die appellant het tereggestaan saam met sy medebeskuldigdes op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede. Op beide klagtes het hulle die klaers met vuurwapens gedreig en vasgebind. Die klaer op klagte 4 is ook fisies aangerand. Daar is toe 'n hele aantal items van die klaers

beroof. In hierdie omstandighede verbaas dit my kwalik dat die streeklanddros geen wesenlike en dwingende omstandighede bevind het nie. Daar word ook geen redes voorgehou waarom dié bevinding verkeerd is nie.

Dit is verder uiters teleurstellend dat bovermelde die somtotaal van die submissies is wat ten aansien van die meriete namens die appellant gemaak is. Hierdie kwalifiseer hoegenaamd nie eens naastenby as betoogshoofde nie. Dit verleen geen hulp aan hierdie Hof nie en nog minder aan die appellant.

7. In die afwesigheid van enige mistastings aan die kant van die verhoorhof kan ek geen rede sien waarom ingemeng behoort te word met die bevinding dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie. Die vonnis is bepaald voorgeskryf deur die wetgewer as 'n minimum vonnis in daardie gevalle waar geen wesenlike

en dwingende omstandighede bestaan nie. Die verhoorlanddros het deeglik inaggeneem dat die appellant nie 'n eerste oortreder is en hy het ook sy verskeie vorige veroordelings waarna ek alreeds verwys het, deeglik inaggeneem. Die appellant is inderdaad, soos wat Mev. Jansen tereg namens die Staat gesubmitteer het, toegeeflik behandel deur die howe in die verlede en die verskeidenheid vonnisse wat hy opgelÍ is om hom 'n geleentheid te bied tot rehabilitasie, het geen effek gehad nie.

8. Bygevolg is ek die mening toegedaan dat daar geen meriete hoegenaamd in hierdie appél is nie.

9. Die volgende bevel word uitgereik:

**Die appellantse aansoek vir kondonasie word van die hand gewys. Die appellant se skuldigbevindings en**

**vonnisse word bekragtig.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam en dit word so beveel.**

_________________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV CG JANSEN |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-10-21 |

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-10-21